Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER, KORPORATIEWE DIENSTE OP WOENSDAG, 14 MAART 2012 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath
Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut
Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die besoekers, naamlik mnr L Swelindawo, mee K Hunsinger en I Loock.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 TERUGVOERING AANGAANDE BYWONING VAN DIE SONDEZA AFRI-JEUGKAMP, 2011: MNR LUNGA SWELINDAWO, LEERDER VAN HOËRSKOOL SWARTLAND (17/2/2/1)

Mnr Lunga Swelindawo, 'n Graad 11 leerder van Hoërskool Swartland, is gedurende die 2011 Sondeza Afri-Jeugkamp deur die leerders aangewys as die beste leier van die kamp. Met die oog op die evalueringsverslag wat onder item 7.1 voorgelê word, is mnr Swelindawo uitgenooi om sy ervaringe met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te kom deel.

In sy inspirerende toespraak (sien aangeheg tot die notule) bedank mnr Swelindawo die Swartland Munisipaliteit vir inisiatiewe soos die Sondeza Afri-Jeugkamp, die Junior Stadsraad en vele ander projekte wat ten doel het om die jeug te bemagtig deur die ontwikkeling van jong leiers.

3.1/...

Mnr Swelindawo noem verder dat die Xhosa-betekenis van Sondeza, naamlik “bringing youth together” ten volle tydens die kamp verwesenlik is, deurdat jeug vanuit verskillende kulture, lande, taalgebruike, godsdienste, ens. bymekaar kom en saamwerk om die leier in ieder en elk te ontdek. Die kamp het dan ook verder ten doel om die leier toe te rus om hierdie kwaliteite wat tydens die kamp ontdek is in die gemeenskap terug te ploeg.

Die Uitvoerende Burgemeester, mnr T van Essen bedank mnr Lunga Swelindawo vir sy besielende boodskap en wens hom geluk met sy toekenning as beste leier van die kamp.

Mev I Loock, op versoek van die voorsitter, verwys na die getuigskrifte ontvang vanaf leerders wat die kamp bygewoon het. Uit die skrywe ontvang vanaf die Russiese afvaardiging is dit duidelik dat dit wat geleer is by die Sondeza Afri-Jeugkamp, ook in hul gemeenskappe teruggeploeg gaan word.

Rdl C H H Hunsinger beklemtoon die kruisbestuiwing wat deur die Sondeza Afri-Jeugkamp regoor die wêreld bewerkstellig word en dat die kamp internasionaal hoog aangeskrewe word, juis weens die unieke Afrika-stempel wat op die kamp afgedruk word.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN ‘N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 8 FEBRUARIE 2012

BESLUIT

Dat die notule van ‘n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 8 Februarie 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN ‘N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 15 FEBRUARIE 2012

BESLUIT

Dat die notule van ‘n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 8 Februarie 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 7 MAART 2012

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 7 MAART 2012

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

5.1.3/...

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging en wysiging –

ITEM 6.8: VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 676, KALBASKRAAL (15/3/3-15)
[toevoeging onder paragraaf A1] –

(b) dat die omheining van die begraafplaas ten bedrae van R180 000,00 in die 2012/2013 kapitaalbegroting opgeneem word.

ITEM: 6.12: VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE VAN GEDEELTES 11 EN 15 VAN DIE PLAAS BOTMASKLOOF NO. 661, AFDELING MALMESBURY (15/3/6-15, 15/3/3-15) (WYK 12)
[wysiging van aanbeveling] –

Dat die item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten einde die geleentheid te bied dat 'n ter plaatse inspeksie op 22 Maart 2012 uitgevoer word, waarna die item weer vir besluitneming voorgelê sal word.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1.1 ITEM 7.4: AFSKRYWING VAN SKULD: DEERNISHUISHOUDINGS, DESEMBER 2011 (5/7/1/1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die werklike bedrag afgeskryf ten opsigte van skuld van deernishoudings vir Desember 2011 'n bedrag van R165 704,78 beloop.

6.1.2 ITEM 7.5: AFSKRYWING VAN SKULD: GEWONE DEBITEURE, DESEMBER 2011 (5/7/1/1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die werklike bedrag afgeskryf ten opsigte van skuld van gewone debiteure vir Desember 2011 'n bedrag van R41 086,64 beloop.

7. NUWE SAKE

7.1 SONDEZA AFRI-JEUG INISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG (17/2/2/1)

Die evalueringsverslag van die 7de Sondeza Afri-Jeug Inisiatief, soos opgestel deur die kamp-koördineerder, me I Loock is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die evalueringsverslag van die 7de Sondeza Afri-Jeug Inisiatief gehou op Ganzekraal vanaf 2 tot 11 Desember 2011.

7.2 *EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME (EPWP)*: ONDERTEKENING VAN PROTOKOL (5/9/2/1/2)

Die *Expanded Public Works Programme* is 'n program van die Suid-Afrikaanse Regering wat ten doel het om 4,5 miljoen werkgeleenthede teen 2014 te skep.

Die fokus van EPWP-implementering op plaaslike vlak was tot dusver hoofsaaklik tot infrastruktuurprojekte beperk, maar is dit nou uitgebrei na die volgende sektore –

7.2/...

- Omgewing en Kultuur (volhoubare grondgebaseerde bestaansmiddele – vergroening, werk vir water, ens; afvalbestuur; toerisme en kreatiewe industrieë; parke; kusbestuur; volhoubare energieprojekte)
- Sosiaal (gemeenskapsveiligheidsprogramme; gemeenskapsgebaseerde en tuisversorging; datavasleggers; ontwikkelingsprograme, bv. skuldinvordering, opdatering van 'n register van hulpbehoewendes)
- Nie-regeringsektor (NGO's)

Tydens 'n werkwinkel op 2 Maart 2012 met verteenwoordigers van die Provinsiale Departement van Openbare Werke, is bekend gemaak dat 'n bedrag van R1 miljoen aan Swartland Munisipaliteit vir die 2012/13 finansiële jaar toegeken is vanuit die sg. *Expanded Public Works Programme Integrated Grant for Municipalities* as 'n insentief om werkskepping onder die EPWP aan te moedig.

Een van die eerste stappe om rigting te gee aan die EPWP op plaaslike vlak, behels die ondertekening van die sg. *Implementation Protocol* waarvan 'n afskrif met die sakelys gesirkuleer is.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester die aangehegte Protokol namens Swartland Munisipaliteit onderteken, en die munisipaliteit uit hoofde daarvan homself bind tot die behaling van teikens soos vervat in Aanhangsel A tot die Protokol;

(b) Dat, rdl R F van der Westhuizen deur die Uitvoerende Burgemeester aangewys word om die EPWP binne die Munisipaliteit te koördineer en te lei;

(c) Dat die EPWP voortaan as 'n staande item op die sakelys van die burgemeesterskomitee ingesluit word;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder getaak word om die aanwysing van 'champions' vanuit die verskillende direktorate in oorlegpleging met al die direkteure te finaliseer, as lede tot 'n interne EPWP bestuurskomitee;

(e) Dat die Strategiese Bestuurder getaak word om die EPWP FTE teikens in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (2012 – 2016) in te sluit, en dit as sodanig ook in die prestasieooreenkomste van senior bestuurders ingesluit word met ingang vanaf die 2012/13 finansiële jaar;

(f) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste getaak word om 'n konsep EPWP beleid op te stel vir tenuitvoerlegging van die EPWP deur die Munisipaliteit, asook die toepaslike delegasie van bevoegdhede uit hoofde daarvan.

7.3 KONSEP VERORDENING OP DRANKHANDELSDAE EN –URE (1/1)

Die Wes-Kaapse Drankwysigingswet, 2010 is in Desember 2010 afgekondig om voorsiening te maak vir die rol van plaaslike owerhede in die administrasie van die Wet.

Die Wet bepaal dat dranklisensies jaarliks hernu moet word en sal munisipaliteite 'n geleentheid kry om kommentaar te lewer of nuwe, sowel as hernieude aansoeke. Munisipaliteite sal derhalwe persele kan uitwys waar probleme ondervind word. Verder bepaal die Wet dat die aansoeker van 'n dranklisensie 'n geldige soneringsertifikaat moet toon ten opsigte van die perseel waarvandaan handel gedryf sal word.

Tydens die publieke deelname proses is kommentaar vanaf verskeie instansies ontvang. Gesprekke het ook plaasgevind met verteenwoordigers van die SAPD en die Swartland Drankforum aangaande die voorgestelde verordening.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat daar geringe wysigings aangebring sal word, alvorens die konsep verordening aan die Raad op 29 Maart 2012 aanbeveel word.

7.3/...

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 29 Maart 2012 by die Raad aanbeveel –

(a) dat die aangehegte Verordening op Drankhandelsdae en –ure deur die Raad aanvaar word en dit in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding op datum van promulgasie;

(b) dat kennis geneem word dat uit hoofde van die oorgangsbepaling in die verordening, die handelsure eers van toepassing sal wees op gelisensieerde persele wanneer hul lisensies kragtens die Drankwet hernu word;

(c) dat stappe gedoen sal word deur die direktoraat Korporatiewe Dienste om toepaslike boetes te laat afkondig wat op oortreding van die verordening van toepassing sal wees;

(d) dat die verordening so wyd moontlik aan alle partye bekend gemaak word, asook op die webtuiste;

(e) dat, na goedkeuring van die verordening, 'n opsomming daarvan aan die wyksraadslede voorsien word om die publiek behulpsaam te wees met navrae wat daaromtrent ontvang mag word.

7.4 WYSIGING VAN DIE KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSBELEID OM VOORSIENING TE MAAK VIR SUBSIDIËRING VAN BESKIKBAARHEIDSGELDE VAN DEERNISHUISHOUDINGS (5/7/1/B)

As deel van die Inkomste Beskermingsprojek is beskikbaarheidsgelde gehef op alle eiendomme wat nie by die elektrisiteits- water en/of rioleringsnetwerkstelsels aangesluit is nie, maar wat na die mening van die Raad redelikerwys aangesluit kan word.

Hierdie oefening het dus deernishuishoudings ingesluit en veroorsaak die nie-subsidiëring van beskikbaarheidsgelde dat hierdie huishoudings voortdurende agterstallige rekeninge gaan hê wat negatief inwerk op die Raad se uitstaande debiteure.

BESLUIT

Dat paragraaf 23.1 van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid gewysig word deur die invoeging van die volgende sub-paragraaf:

(6) beskikbaarheidsgelde ten opsigte van elektrisiteit en/of water en/of riool en/of vullisverwydering waar van toepassing.

7.5 WYSIGING VAN VERLOF: MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder se verlof in Maart en April 2012 is op 7 Desember 2011 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur.

'n Gewysigde aansoek is vanaf die Munisipale Bestuurder ontvang, en word –

DERHALWE BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die gewysigde aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vanaf 16 tot 19 Maart 2012 (2 dae) pleks van 15 tot 20 Maart 2012 (4 dae) soos op 7 Desember 2011 goedgekeur;

(b) Dat die aansoek om verlof vir Donderdag, 5 April 2012 eweneens goedgekeur word;

(c) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Finansiële Dienste deur die Munisipale Bestuurder versoek is om waar te neem vir die tydperk 16 tot 19 Maart 2012;

7.5/...

(d) Dat die aanwys van ’n direkteur om waar te neem op 5 April 2012, ingevolge gedelegeerde bevoegdheid gedoen sal word na gelang van die beskikbaarheid van direkteure.

7.6 OPRIGTING VAN WIFI TOERUSTING OP KLIPKOPPIE, MALMESBURY (6/2/3/1/2)

Die Raad het op 11 Augustus 2011 goedkeuring verleen aan die maatskappy, *Wireless Online*, vir die installering van Wifi toerusting op die Klipkoppie, Malmesbury.

‘n Skrywe is ontvang vanaf voormelde maatskappy waarin versoek word dat die goedkeuring oorgedra word na *Comtel Communications (Pty) Ltd* en dat dieselfde huurvoorwaardes en huurgeld van toepassing sal wees, aangesien *Wireless Online* saamgesmelt het met eersgenoemde maatskappy.

BESLUIT

Dat die huurooreenkoms aangegaan met *Wireless Online* vir die oprigting van Wifi toerusting op Klipkoppie, Malmesbury aan *Comtel Communications (Pty) Ltd* oorgedra word vir die oorblywende gedeelte van die driejaar-huurtermyn.

7.7 VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE GROND TE PHOLA PARK, ILINGE LETHU (12/2/R)

Siphumeze Educare Centre huur erf 6055 in Ilinge Lethu vanaf die Raad waarvandaan ‘n crèche sedert September 2007 bedryf word. ‘n Formele gebou is ondertussen deur die huurder uit eie fondse opgerig.

Daar bestaan ‘n behoefte aan uitbreiding van hul fasiliteite, aangesien ‘n groot getal kleuters nie geakkommodeer kan word nie as gevolg van ‘n gebrek aan ruimte.

Met die beplanning van Phola Park, die informele woongebied aangrensend aan Ilinge Lethu, is erwe 9967 (groot ±709m²) en 9968 (groot ±753m²) geskep wat geoormerk is vir onder andere crèche doeleindes.

‘n Skrywe is ontvang vanaf *Siphumeze Educare Centre* waarin aansoek gedoen word vir die huur van erf 9967 of 9968 om hul werksaamhede in die gemeenskap uit te brei.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat een van erwe 9967 of 9968 uit-die-hand verhuur word aan die *Siphumeze Educare Centre* vir die oprigting van ’n voorskoolse sentrum;

(b) Dat die verhuring in terme van die Raad se verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer word;

(c) Dat die huurgeld vasgestel word op ’n nominale tarief van R100,00 per jaar plus 14% BTW;

(d) Dat die huurtermyn onbepaald sal wees en dat die verbeterings op die grond die Raad sal toeval sou die eiendom om watter rede ookal nie langer as voorskoolse sentrum gebruik word nie;

(e) Dat ontwikkeling op die perseel van voorlopig ’n mobiele eenheid, ’n aanvang moet neem binne een jaar na datum van ondertekening van ’n huurooreenkoms;

(f) Dat die huurders skriftelik bevestig dat hulle die bogenoemde voorwaardes aanvaar.

7.8 VERHUUR VAN KAMPE/...

7.8 VERHUUR VAN KAMPE: MEENTGROND, DARLING (12/2/4-3/1)

Die veiling van kampe 2 tot 6 wat deel uitmaak van die ±261 hektaar meentgrond, Darling het op 21 Februarie 2012 plaasgevind.

BESLUIT

(a) Dat die Munisipale Bestuurder se besluit dat die volgende huurgelde, ten opsigte van kampe 2, 3, 4 en 5, Darling vir 'n termyn van drie (3) jaar met ingang van 1 Maart 2012 aanvaar word, gekondoneer word:

Kamp nr.	**Huurder**	**Bedrag per jaar**
2 (Groot 19.6 hektaar)	Mnr A Kirsten Posbus 75 Darling, 7345	R2 500,00
3 (Groot 14.0 hektaar)	Mnr A Kirsten	R2 500,00
4 (Groot 41.3 hektaar)	Mnr C J Genade Delphiniumstraat 2 Darling, 7345	R7 500,00
5 (Groot 17.6 hektaar)	Mnr A Kirsten Posbus 75 Darling, 7345	R3 500,00

(b) Dat kennis geneem word dat geen aanbod vir kamp 6 verkry kon word nie.

7.9 AANSOEK OM OPRIGTING VAN BASISSTASIE TE YZERFONTEIN: MTN (6/2/3/1/2, 12/2/4-14/1)

'n Skrywe is ontvang vanaf *Warren Petterson Planning* wat namens MTN aansoek doen vir die oprigting van 'n basisstasie op munisipale eiendom wat beskryf word as Plaas 560 gedeelte 29, Yzerfontein.

Die gedeelte grond is gesoneer vir owerheidsone en huisves reeds die munisipale reservoirs te Yzerfontein. Hierdie tipe sonering laat ook sellulêre kommunikasie basisstasies as primêre reg toe.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word aan MTN vir die installering van sellulêre basisstasie toerusting op bovermelde munisipale eiendom te Yzerfontein;

(b) Dat die huurder by die Departement: Elektriese Ingenieursdienste aansoek doen vir 'n elektriese aansluiting waarvoor 'n meter en meterkas benodig sal word;

(c) Dat 'n huurtermyn van 3 jaar bepaal word;

(d) Dat huurgeld R2 000,00 per maand plus 14% BTW sal beloop, wat jaarliks met 6% sal eskaleer;

(e) Dat die voorgestelde verhuring in terme van die Raad se verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers bekend gemaak word;

(f) Dat die huurder verder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes in hierdie verband;

(g) Dat bogenoemde aspekte en voorwaardes vervat word in die huurooreenkoms tussen Munisipaliteit Swartland en MTN;

7.9/...

(h) Dat die munisipaliteit nie aanspreeklik gehou sal word vir enige uitgawe wat die instansie sou aangegaan het om hulle netwerke op te rig nie;

(i) Dat die koste verbonde aan die opstel van die ooreenkoms vir die rekening van die huurder sal wees.

7.10 MOBIELE KIOSK TE YZERFONTEIN HAWE EN NUWE VISMARK (17/10/1/2)

Die Raad het voorheen tenders gevra vir die bedryf van mobiele kiosks in die hawe en vismark, waarvolgens die suksesvolle tenderaar dan ‘n maandelikse huurgeld betaal het.

Hierdie gebruik is in 2010 gestaak, aangesien dit nie haalbaar was om ‘n maandelikse huur te betaal nie, terwyl daar lang tydperke verloop het wanneer die visserbote glad nie kon uitgaan see toe nie.

In die tussentyd is toegelaat dat daar wel kiosks in die hawe bedryf word ten einde ‘n noodsaaklike diens aan die vissers te kon lewer. Die toegangsfooi van R15,00 is betaal wat as voldoende beskou word om te vergoed vir die kragverbruik.

‘n Aansoek is ontvang vanaf *Gannet Sea Products* om bevrore aas in die Yzerfontein hawe aan vissermanne te verkoop, en sal verder ooreenkomstig die besluit hanteer word.

BESLUIT

(a) Dat gedelegeerde bevoegdheid aan die wetstoepassingsbeampte te Yzerfontein verleen word om versoeke vir die verkoop van goedere te Yzerfontein hawe en vismark, te hanteer, welke bevoegdheid uitgeoefen moet word binne die voorwaardes soos gelys onder (b) en (c) hieronder;

(b) Dat die voorgeskrewe toegangsfooi by die hawe en vismark deur goedgekeurde aansoekers betaalbaar sal wees;

(c) Dat die volgende goedkeuringsvoorwaardes sal geld:

(i) dat die Mobiele Kiosk slegs gedurende die normale ure wat die Hawe bedryf word handel mag dryf, en dat die Mobiele Kiosk voordat die Hawehek saans gesluit word, op ‘n daaglikse basis vanaf die perseel verwyder moet word;

(ii) dat die gebruik van gastoerusting toegelaat sal word vir verhittings- en verkoelings-doeleindes, maar dat ‘n gemeterde elektriese kragpunt van maksimum 30 ampère op aanvraag oorweeg kan word. Kragopwekkers sal egter nie toegelaat word nie. Die Mobiele Kiosk moet geparkeer word op ‘n bepaalde terrein soos deur die Raad aangewys. Geen waterpunt word voorsien nie;

(iii) dat voldoende brandblustoerusting, tot bevrediging van die Raad, te alle tye in die Mobiele Kiosk teenwoordig moet wees;

(iv) dat die Mobiele Kiosk aan alle munisipale gesondheidsvereistes moet voldoen, sowel as oor ‘n padwaardigheidsertifikaat beskik;

(v) dat geen musiek of geraas toegelaat sal word nie;

(vi) dat alle items waarin handel gedryf word in die Mobiele eenheid geakkommodeer moet word;

(vii) dat handeldrywing in enige vorm van alkoholiese drank en dwelmmiddels verbode is;

(viii) dat die/...

7.10(c)/...

(viii) dat die Raad die reg voorbehou om die Mobiele Kiosk te enige tyd, gedurende die ure wat handel gedryf word, deur sy gemagtigde personeel te laat betree om hom/haarself daarvan te vergewis of die eienaar aan al die Raad se vereistes voldoen al dan nie;

(ix) dat die tipe items waarin handel gedryf mag word kan insluit, visgerei en aanverwante produkte, verversings en geriefsprodukte.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE, FEBRUARIE 2012 (5/7/1/1)

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Februarie 2012;

(b) Dat, met verwysing na die 150 dae agterstallige skuld, aangedui word watter persentasie daarvan deel uitmaak van persone waarmee daar afbetalings-ooreenkomste gesluit is, en dus nog nie gedagvaar is nie.

7.12 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13 NOTULE VAN TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERINGS (11/1/3/1/6)

Die notules van tendertoekenningskomiteevergaderings wat onderskeidelik op 7 Desember 2011, 31 Januarie en 9 Februarie 2012 plaasgevind het, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die notules van die Tendertoekenningskomitee-vergaderings wat onderskeidelik op 7 Desember 2011, 31 Januarie en 9 Februarie 2012 plaasgevind het.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: OPRUIMING VAN RIOOLSLYK, MALMESBURY RIOOLSUIWERINGSWERKE (16/3/1/3)

Rioolslyk is ‘n afvalproduk wat by enige rioolsuiweringswerke tydens die rioolsuiwerings-prosesse geproduseer word. Die slyk word deurlopend verwyder deur ‘n slykontwaterings-aanleg waarna dit tydelik op die terrein gestoor word totdat dit droog genoeg is om te verwyder.

‘n Tydelike bergingsfasiliteit vir die slyk is langs die Dieprivier geskep wat deur ‘n grondwal beskerm word, aangesien die konstruksiewerke by die rioolsuiweringswerke die spasie vir die slykontwateringsaanleg opgeneem het. Die grondwal is egter besig om mee te gee en daar sal spoed-eisend opgetree moet word om slykstorting in die Dieprivier te voorkom.

Die firma, *GL Conradie* beskik oor die nodige toerusting om die rioolslyk te verwyder en is onmiddellik beskikbaar om met die opruiming te begin.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die opruiming van rioolslyk by die Malmesbury Rioolsuiweringswerke en wel om die volgende rede:

7.14(a)/...

- *dat die opruiming as 'n noodgeval uitgevoer moet word aangesien die grondwal van die tydelike stoorruimte vir die rioolslyk besig is om mee te gee en rioolslykstoring in die Diepriveir tot gevolg sal hê*;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die opruimingswerk uitgevoer word tot die maksimum bedrag van R75 000,00 (BTW uitgesluit) en die handeling dien-ooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat die uitgawes met betrekking tot die opruimingswerk teen posnommer 59-76-30-00-0228 verreken word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN BESPROEIINGSPYPLYN (16/3/1/3)

Gesuiwerde rioolwater word vanaf die Malmesbury rioolsuiweringswerke na verskeie sportgronde en die Rooiheuwels Boerdery gepomp vir besproeiingswater. Die stelsel bestaan uit 'n aantal pompstelle en 3 pypgeleidings.

Een van die pypgeleidings het gebars op 'n gedeelte waar dit die spoorlyn kruis en sal 'n nuwe pyp onderdeur die spoorlyn aangebring moet word ten einde die pyplyn te herstel. *Penisula Pipeline Services* is spesialiste op hierdie terrein en is die aangewese firma om hierdie herstelwerk spoedeisend te verrig, aangesien daar 'n dringende behoefte aan die lewering van besproeiingswater bestaan.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die besproeiingspyplyn wat gesuiwerde rioolwater aan verskeie sportgronde en die Rooiheuwels Boerdery voorsien, en wel om die volgende rede:

- dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moet word aangesien daar 'n dringende behoefte bestaan vir die lewering van besproeiingswater;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk uitgevoer word tot die maksimum bedrag van R96 900,00 (BTW ingesluit) en die handeling dien-ooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat die uitgawes met betrekking tot die herstel van die besproeiingspyplyn teen posnommer 77-92-30-00-0276 verreken word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAAS LANGEKLOOF NO. 701, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15) (WYK 4)

Hierdie aansoek om hersonering het reeds op 11 Mei en 9 November 2011 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien en is terugverwys om die betrokke partye (applikant en beswaarmaker) geleentheid te gee om konsensus te bereik oor die kwelpunte.

Die versoek behels die aansoek om hersonering van 'n gedeelte van plaas Langekloof No. 701, groot ±42ha vanaf landbou sone I na nywerheidsone III ten einde 'n granietmyn te bedryf.

7.16/...

BESLUIT

A Dat die hersonering van ‘n gedeelte van plaas Langekloof No. 701, groot ±42ha ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbou sone I na nywerheidsone III goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die mynbou en mynaktiwiteite beperk word tot die 42ha soos aangedui;

(b) dat die nodige bouplanne vir alle voorgenome strukture aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(c) dat die mynreghouer jaarliks, nie later nie as drie maande voor die einde van sy finansiële jaar, ’n gedetailleerde implementeringsplan van die sosiale- en arbeidsplan soos goedgekeur deur die Departement: Minerale en Energie aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir kennisname voorlê;

(d) dat die mynreghouer jaarliks, nie later nie as drie maande na die finalisering van sy geouditeerde jaarlikse verslag, ’n gedetailleerde verslag van die implementering van die vorige jaar se sosiale- en arbeidsplan aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir kennisname voorlê;

(e) dat die aangehegte voorstelle van hul waardigheid en sosiale opheffingsprogramme (aanhangsel J) binne drie maande na die goedkeuring van die aansoek om hersonering beslag moet kry in die voorgestelde implementeringsplan;

(f) dat die mynlisensiehouer wat gemagtig is om enige minerale op –

Restant van die Plaas Langekloof 701
In die Swartland Munisipaliteit
Afdeling Malmesbury
Provinsie Wes-Kaap
Tans gehou kragtens Transportakte T40709/1995

kragtens die Wet op Minerale- en Petroleumhulpbronontwikkeling, Wet 28 van 2002 of enige vervangende wet, te myn, **slegs gemagtig is om met enige mynaktiwiteite op gemelde eiendom ‘n aanvang te neem en daarmee voort te gaan, indien ‘n geldige ooreenkoms** met die geregistreerde eienaar van :

Gedeelte 2 van die Plaas Langekloof 701
In die Swartland Munisipaliteit
Afdeling Malmesbury
Provinsie Wes-Kaap
Tans gehou kragtens Transportakte T86812/1995

van krag is, wat die mynlisensiehouer se mynbouaktiwiteite met betrekking tot die mitigasie van die moontlike negatiewe gevolge daarvan vir die aangrensende landbouaktiwiteite van laasgenoemde grondeienaar, wat insluit, maar nie beperk is nie tot geraas en stof, die rehabilitasie van versteurde grondoppervlaktes, die verskaffing van waarborge en vrywarings, die berekening van skade en die betaling daarvan **tot bevrediging van beide gemelde partye reël**;

(g) dat geen mynaktiwiteite mag plaasvind of enige geboue/strukture opgerig word wat verband hou met die mynbou en mynaktiwiteite, alvorens die skriftelike ooreenkoms soos genoem by punt A1(f) deur Swartland Munisipaliteit ontvang word nie;

(Hierdie voorwaardes is deur Swartland Munisipaliteit opgelê en vir die monitering deur Swartland Munisipaliteit – Departement: Ontwikkelingsdienste.)

7.16/...

A2 RIOOL

(a) dat slegs huishoudelike riooldienste deur middel van ‘n suigtenkvragmotor voorsien kan word;

(b) dat geen sypelriolering of septiese tenke gebou mag word nie;

(Hierdie voorwaardes is deur Swartland Munisipaliteit opgelê en vir die monitering deur Swartland Munisipaliteit – Departement: Siviele Ingenieursdienste.)

A3 WATER

(a) dat geen munisipale drinkwater beskikbaar is nie;

(b) dat voldoende water vir drinkdoeleindes op die terrein toeganklik en beskikbaar sal wees wat aan die SABS 241—1984 voldoen.

(Hierdie voorwaardes is deur Swartland Munisipaliteit opgelê en vir die monitering deur Swartland Munisipaliteit – Departement: Siviele Ingenieursdienste.)

A4 ESKOM (skrywe gemerk “I”)

(a) dat indien enige Eskom dienste as gevolg van die hersonering verskuif moet word, sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat, as veiligheidsmaatreël is die oprigting van enige struktuur binne 9m van die Eskom kraglyn verbode;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir kragtoevoer tot die perseel;

(Hierdie voorwaardes is deur Eskom voorgelê en vir die monitering deur Eskom.)

A5 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE (skrywe gemerk “E”)

(a) dat ‘n statutêre 5m boulyn ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 langs Hoofpad 224 en Ondergeskiktepad 5454 van toepassing sal wees;

(b) dat ‘n 95m boubeperkingslyn langs Hoofpad 224 van toepassing sal wees;

(c) dat geen nuwe toegange geskep mag word of bestaande toegange verander word sonder die goedkeuring van die department nie;

(Hierdie voorwaardes is deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke opgelê en vir die monitering deur die betrokke departement.)

A6 DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU (skrywe gemerk “F”)

(a) dat die eiendom geleë is in kwartaalikse opvangs GL10 en is ’n grondwaternemende Sone A, waar geen water geneem mag word behalwe soos voorgeskryf in Skedule 1 en klein industriële gebruikers (20m³/d). ’n Bewys van die boorgat registrasie soos gebruik word op die eiendom moet beskikbaar wees aan die Departement van Waterwese en Bosbou;

(b) dat daar ’n skriftelike ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en die ontwikkelaar opgestel word met betrekking tot die uitpomping van riooltenke en dat dit ingesluit word in die Omgewingsbestuursplan wat ingedien moet word by die Departement van Minerale en Energie;

(c) dat enige ontwikkeling binne die 1:100 vloedlyn of binne ’n owerhabitat ’n watergebruik lisensie regverdig ingevolge artikels 21(c) en (i) van die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998) en word goedkeuring benodig voordat ontwikkeling ‘n aanvang kan neem;

7.16/...

(d) dat geen ontwikkeling binne 500m vanaf die grens van enige vleiland 'n watergebruiklisensie benodig in terme van die Departement van Waterwese en Bosbou regulasies;

(e) dat geen besoedeling van bo- of ondergrondse water veroorsaak mag word as gevolg van die aktiwiteite op die perseel nie;

(f) dat alle artikels van regulasies van die Omgewingsbewarings Wet, 1989 (Wet 73 van 1989) en/of Nasionale Omgewingsbestuur: Afval Wet, 2008 (Wet 59 van 2008) rakende die verwydering van soliede afval nagekom moet word (bewyse hiervan moet voorsien word aan die Departement van Waterwese en Bosbou). Soliede afval mag slegs gestort word by goedgekeurde soliede afval fasiliteite ingevolge die genoemde wetgewing;

(g) dat maatreëls in plek geplaas word ten einde onwettige storting van konstruksiemateriaal te voorkom siende dit die besoedeling van bogrondse waterafloop kan veroorsaak;

(h) dat gronderosie te alle tye voorkom moet word naamlik: voor, gedurende en na die konstruksie aktiwiteite;

(i) dat stormwaterafloop beheer word ten einde te verseker dat op-perseel aktiwiteite nie besoedeling vanaf die perseel veroorsaak nie;

(j) dat enige watergebruik aktiwiteit wat nie 'n Skedule 1 watergebruik is nie, geregistreer en goedgekeur word ingevolge artikel 21 van die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998);

(k) dat daar voldoen word aan die bepalings van die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998), ten opsigte van watergebruik;

(Hierdie voorwaardes is deur die Departement van Waterwese en Bosbou opgelê en vir monitering deur die betrokke departement.)

A7 DEPARTEMENT LANDBOU (skrywe gemerk "G")

(a) dat die volgende aspekte tussen die eienaar/ontwikkelaar met geaffekteerde/omliggende grondeienaars mitigeer en konsulteer word ten einde 'n mate van ooreenkoms te bereik naamlik:

- windrigting/ stof/ besoedeling en geraas;
- erosie;
- ondergrondse- en bogrondse water;
- kompeterende regte (perseel moet weer vir landboudoeleindes gebruik word nadat die myn uitgeput is);
- produksekuriteit ('n Ooreenkoms moet gesluit word tussen alle partye rakende die veiligheid en sekuriteit van omliggende plase);
- ekonomiese geleenthede.

(Hierdie voorwaardes is deur Departement Landbou opgelê en vir monitering deur Swartland Munisipaliteit.)

A8 WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (skrywe gemerk "H")

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar die kommentaar van die Weskus Distriksmunisipaliteit in ag neem in hul uitvoering van hul mynaktiwiteite en dit in hul Omgewingsbestuursplan akkommodeer;

(Hierdie voorwaarde is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit opgelê en vir die monitering deur die Weskus Distriksmunisipaliteit.)

7.16/...

A9 OMGEWINGSASPEKTE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar van die granietmyn alle aksies en bestuursmaatreëls met betrekking tot maatreëls voorgestel om die omgewingsinvloed van die voorgestelde mynboubedrywighede soos uiteengesit in die finale Omgewingsbestuursplan (OBP) soos goedgekeur deur die Departement Mineraal en Energiesake, ingesluit die monitering en rehabilitasie van die groewe, nakom;

(b) dat ‘n moniteringskomitee deur die aansoeker saamgestel word, waarop alle belangegroepe naamlik die aanliggende grondeienaars, die aansoeker, Swartland Munisipaliteit, Weskus Distriksmunisipaliteit, boereverenigings, sleutel staatsdepartemente en instansies verteenwoordig word om die impakte van die voorgestelde mynboubedrywighede op ‘n deurlopende basis te monitor;

(c) dat ‘n onpartydige omgewingsbestuursbeampte deur die eienaar/ontwikkelaar aangestel word om uitvoering te gee aan alle omgewingsaspekte soos uiteengesit in die OBP om die betrokke area verantwoordelik en op ‘n omgewingsensitiewe manier te bestuur;

(d) dat die voorstelle met betrekking tot stof soos uiteengesit in die OBP aan voldoen word;

(e) dat, ten einde die effek van skietwerk met plofstof te verminder, moet skietwerk so ver moontlik:

- op bepaalde en gereëlde tye van die dag uitgevoer word; en
- geen skietwerk mag onder temperatuurinversietoestande of baie lae wolktoestande uitgevoer word nie;

(f) dat, indien die aansoeker/eienaar na normale aanvaarbare werksure mynbou en gepaardgaande aktiwiteite onderneem, moet hy verseker dat geraasvlakke nie die vlakke vir na-ure werk soos voorgeskryf deur die SABS, oorskry nie. Indien ‘n beswaar met betrekking tot onaanvaarbare geraasvlakke ontvang word, sal alle na-ure werk gestaak word totdat die aansoeker/eienaar toetse om geraasvlakke te monitor, uitgevoer het om te bewys dat geraas wat na-ure genereer word, binne aanvaarbare vlakke is;

(g) dat geraasonderdrukkende (knaldemping) stelsels op kompressors monteer word, grondwalle langs kompressors gemaak word en knaldemping op die boor gemonteer word en dat kompressors sodanig geplaas word dat geraasvlakke so ver moontlik verminder word. Alle ander geraasvlakke moet binne SABS voorgeskrewe geraasvlakke val en gekontroleer word;

(h) dat die boor en skiet van graniet deur ‘n professionele maakskappy uitgevoer word en dat boor en skietwerk ongeveer 8 keer per jaar mag plaasvind;

(i) dat ‘n dubbele ry Wit Kareebome teen die laer hang van die noordelike heuwel geplant word;

(j) dat alle voertuie van afgeseëlde enjinkompartemente voorsien word, toegerus met knaldempers;

(k) dat die trurat toeters van voertuie met ‘n lig wat flikker vervang word;

(l) dat ‘n grondwal langs die westelike omtrek van die groef opgerig word en dat dit met soortgelyke plante van die omgewing landskapeer word;

(m) dat wanneer die derde grondbank ‘n aanvang neem (op ‘n spesifieke vlak van die myn) moet die eerste twee grondbanke met soortgelyke plante van die omgewing rehabiliteer en landskapeer word;

7.16/...

(n) dat geen werkers op die perseel gehuisves word nie. Slegs sekuriteitspersoneel mag ten alle tye op die perseel teenwoordig wees;

(Hierdie voorwaardes is deur die Departement van Minerale en Energie as deel van die Omgewingsbestuursplan opgelê en is vir die monitering deur die betrokke departement.)

A10 ALGEMEEN

(a) Dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl binne die voorgeskrewe tydperk van 21 dae gewys word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER